MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 9 | 25 JUNIE 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

There is no right way to grieve; there is only your way to grieve and that is different for everyone.

Nathalie Himmelrich

Te midde van die eksamen en winterkoue moes die College stilstaan en een van ons eie groet. Cassidy Naicker, graad 11, is verlede Woensdag na 'n dapper stryd teen Lupus oorlede. Ons het Maandag ’n gedenkgeleentheid by die skool gehou wat haar warm persoonlikheid, besondere veggees en trots as Midstream-leerder weerspieël het. Cassidy, jy gaan in die Midstreamraadvergaderings, revue, drama, redenaar- en orkessale en meestal in die Midstream-klasse en -gange gemis word. Ons meegevoel en simpatie gaan uit na haar mense, maar ook na al ons personeel, leerders en ouers wat in die afgelope tyd geliefdes aan die dood afgestaan het.

It's good to reflect on life and take a step back and sit and relax and do something else.

Floor Jansen

‘n Klompie gr. 10- en 11-leerders is reeds klaar met hul eksamen en na Vrydag gaan al die gr. 8’s tot 11’s ‘n welverdiende wintervakansie tegemoet. Sterkte aan ons matrieks met julle winterskool – vasbyt! Mag julle almal die winterkoue vryspring deur óf ’n bietjie later op te staan óf iewers ’n warmer vakansie te geniet. Ontspan, rus en breek weg van julle normale roetine.

Sterkte ook aan al ons leerders wat gedurende die vakansie oor ‘n wye front aan provinsiale toernooie gaan deelneem. Ons dramaleerders, sagtebalmeisies, krieketspelers, landloopatlete, sokkerspelers, skuba-entoesiaste en Sabie-na-Midstream-bergfietsryers is ook op verskeie oefenkampe en toere. Mag julle hard oefen, lekker rus en baie pret hê, of julle nou in die Drakensberge, by die Innibos Kunstefees in Mpumalanga of elders in die noordelike provinsies is. Sterkte ook aan ons hokkie- en rugbyspanne, asook revueleerders wat hard aan die oefen is ter voorbereiding van hulle wedstryde en optredes na die vakansie.

Ten slotte, ‘n groot woord van dank aan my personeel, sonder julle was geen van hierdie kwartaal se hoogtepunte moontlik nie. ’n Verdere dankwoord aan elke ouer, leerder en personeellid vir die goeie ambassadeurs wat julle vir die College is. Ons is oorval met graad 8-aansoeke vir 2027 en is tans besig met die toelatingsproses. Die meeste van die voornemende graad 8’s is reeds op hoogte van die huidige stand van sake rakende hul aansoeke.

Carpe Diem – gryp die komende rusgeleentheid aan. #Midstream Power

KLEREWINKEL SE BESIGHEIDSURE

JUNIE/JULIE-VAKANSIE

15 & 16 Junie	Gesluit
26 Junie	07:00 – 15:00
27 Junie – 15 Julie	Gesluit
16 & 17 Julie	08:00 – 16:00
20 Julie	08:00 – 17:00
Vanaf 21 Julie	Normale besigheidsure
Vir dringende navrae, WhatsApp of bel 064 937 0551 of 065 073 8027	

VISUMVEREISTES

Ambassades vereis ‘n brief van die skool as ondersteunende dokumentasie vir ‘n visumaansoek. Indien u 'n visumbrief vir u kind benodig, moet u daarop let dat dit minstens drie werksdae voor u visumafspraak via die volgende skakel (https://form.jotform.com/261462726229561) aangevra moet word. Dit is om te verseker dat die brief betyds verwerk, en deur die betrokke bestuurslid afgeteken word. Aangesien die skool vanaf 26 Junie tot 21 Julie gesluit is, kan geen visumbriewe gedurende hierdie tyd verwerk word nie.